

Sondag 25 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-6

Fokusgedeelte: Romeine 15:1-6

Aanvaar en verdra mekaar binne die gesin

Hoe eensgesind is julle as gesin in julle lof aan God? Dit gebeur dikwels dat ouers bekommerd is oor hoe hulle kinders se geestelike lewe ná skool gaan lyk. Waarin soek ons die geestelike eenheid van die gesin? Hoe ons hierdie saak aanpak, het 'n groot invloed op die uitkoms.

Paulus begin deur te sê: Kry jousef uit die middel/prentjie. Moenie aan jousef dink nie, maar dink wat vir jou gesinslede se geloof goed en opbouend sal wees (vs 2). Hier is nie plek vir persoonlike vetes en oorwinnings nie, want ons fokus is weereens nie op wat ons aan mekaar verskuldig is nie, maar wel op die voorbeeld (vs 3) wat Jesus Christus Self gestel het, deur al ons beledigings en sonde op Homself te neem.

Hoe hou ons hierdie fokus? Ken die Skrif (vs 4), want dit gee ons hoop. Dit verander nie soos die verwagtinge van mense nie, maar is standvastig. Verder breek dit nie af nie, maar bemoedig. Hierdie is natuurlik wesenskenmerke van God Self (vs 5). Paulus pleit dat dit 'n seën sal wees vir mense wat God se wil so deur die Skrif en in hulle eie gehoorsaamheid leer ken.

As dit ons fokus in die gesin is, sal ons inderdaad uit een mond die lof van God die Vader kan besing!

Wanneer elkeen in die gesin nie aan hulleself dink nie, maar aan hoe om die ander se geloof op te bou, verdra ons mekaar, ook wanneer ons geloof swak is (vs 1). Begin hierdie eensgesindheid in die huis en leef dit uit in die kerk en gemeenskap.

Sing: Psalm 105-1:1, 2

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)